# Provincial Gazette

## Free State Province

Published by Authority

# Provinsiale Koerant

## Provinsie Vrystaat

Uitgegee op Gesag

NO. 11 FRIDAY, 18 MAY 2012

### PROVINCIAL NOTICE

05 By-Election in terms of Section 25(4) of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998: Matjhabeng Local Municipality Ward 33 .......................... 2

### MISCELLANEOUS

Townships Board Notice ...................................................... 2

Removal of Restrictions Act, 1967 (Act No. 84 of 1967) ............. 3

NO. 11 VRYDAG, 18 MEI 2012

### PROVINSIALE KENNISGEWING

05 Tussenverkiesing ingevolge Artikel 25(4) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998: Matjhabeng Plaaslike Munisipaliteit Wyk 33 ...................... 2

### ALLERLEI

Dorperaadskennisgewing ..................................................... 2

Wet op Opheffing van Beperkings, 1967 (Wet No. 84 van 1967) .... 3

## PROVINCIAL NOTICE

**[NO. 05 OF 2012]**

**BY-ELECTION IN TERMS OF SECTION 25(4) OF THE LOCAL GOVERNMENT: MUNICIPAL STRUCTURES ACT, 1998: MATJHABENG LOCAL MUNICIPALITY WARD 33**

Under the powers vested in me by section 25(4) of the Local Government: Municipal Structures Act, 1998 (Act No. 117 of 1998), I, **SM Mlamleli**, Member of the Executive Council responsible for Cooperative Governance, Traditional Affairs and Human Settlements in the Free State Province and after consultation with the Electoral Commission, hereby call a by-election and set 13 June 2012 as the date for the by-election to be held in Ward 33 of the Local Municipality of Matjhabeng.

## TOWNSHIPS BOARD NOTICE

It is hereby notified for general information in terms of the provisions of section 9(1) of the Townships Ordinance, 1969 (Ordinance No. 9 of 1969) that application has been made for permission to establish a town on the under mentioned land:

a) **KRAGBRON (SASOLBURG): PROPOSED LAND DEVELOPMENT: 6 ERVEN**

To establish a town situated on a portion of the Remaining Portion of Subdivision 9 of the farm Palmietfontein 137, Administrative District of Heilbron.

b) **KRAGBRON (SASOLBURG): PROPOSED LAND DEVELOPMENT: 1573 ERVEN**

To establish a town situated on portions of Portion 13 (of 7) of the farm Rietfontein 150 and the Remainder of Portion 7 of the farm Rietfontein 150, Administrative District of Heilbron.

c) **SASOLBURG: PROPOSED LAND DEVELOPMENT: 18 ERVEN**

To establish a town situated on portions of the Remainder of the farm Boschbank 12, Administrative District of Parys.

## PROVINSIALE KENNISGEWING

**[NO. 05 VAN 2012]**

**TUSSENVERKIESING INGEVOLGE ARTIKEL 25(4) VAN DIE WET OP PLAASLIKE REGERING: MUNISIPALE STRUKTURE, 1998: MATJHABENG PLAASLIKE MUNISIPALITEIT WYK 33**

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 25(4) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998), skryf ek **SM Mlamleli**, Lid van die Uitvoerende Raad vir Kooperatiewe Regering, Tradisionele Sake en Menslike Vestiging in die Vrystaat Provinsie 'n tussenverkiesing uit en bepaal ek, na oorleg met die Verkiesingkommissie, 13 Junie 2012 as die dag en datum waarop die tussenverkiesing in Wyk 33 van die Plaaslike Munisipaliteit van Matjhabeng gehou moet word.

## DORPERAADSKENNISGEWING

Ingevolge die bepalings van artikel 9(1) van die Ordonnansie op Dorpe, 1969 (Ordonnansie No. 9 van 1969), word hiermee vir algemene inligting bekend gemaak dat aansoek gedoen is om toestemming vir die stigting van 'n dorp op die ondergemelde gedeelte:

a) **KRAGBRON (SASOLBURG): BEOOGDE DORPSTIGTING: 6 ERWE**

Die stigting van 'n dorp geleë op 'n gedeelte van die Resterende Gedeelte van Onderverdeling 9 van die plaas Palmietfontein 137, Administratiewe Distrik Heilbron.

b) **KRAGBRON (SASOLBURG): BEOOGDE DORPSTIGTING: 1573 ERWE**

Die stigting van 'n dorp geleë op gedeeltes van Gedeelte 13 (van 7) van die plaas Rietfontein 150 en die Restant van Gedeelte 7 van die plaas Rietfontein 150, Administratiewe Distrik Heilbron.

c) **SASOLBURG: BEOOGDE DORPSTIGTING: 18 ERWE**

Die stigting van 'n dorp geleë op gedeeltes van die Restant van die plaas Boschbank 12, Administratiewe Distrik Parys.

The application, relevant plans, documents and information will be available for inspection during office hours at the office of the Secretary of the Free State Land Use Advisory Board, **Room 406, 4th Floor, LT Trust Building, 114 Maitland Street,** Bloemfontein for a period of 30 days from the date of publication hereof, i.e**. 18 May 2012.**

Any person who has an interest in the matter and who wishes to object to the granting of the application or who desires to be heard, or wants to make representations concerning the matter, must communicate in writing with the Secretary of the Free State Land Use Advisory Board at the above-mentioned address, or P.O. Box 211, Bloemfontein, within a period of 30 days from the date of publication hereof, i.e. **18 June 2012.**

**SECRETARY: LAND USE ADVISORY BOARD**

Die aansoek tesame met die betrokke planne, dokumente en inligting lê gedurende kantoorure ter insae in die kantoor van die Sekretaris, Vrystaatse Adviseurende Raad vir Grondgebruik, **Kamer 406, 4de Vloer, LT Trust Gebou, Maitlandstraat 114,** Bloemfontein, vir 'n tydperk van 30 dae vanaf datum van publikasie hiervan, naamlik **18 Mei 2012.**

Enige persoon wat 'n belang by die saak het en wat teen die toestaan van die aansoek beswaar wil maak of wat verlang om in die saak gehoor te word of vertoë in verband daarmee wil indien, moet binne 30 dae na die datum van plasing hiervan; naamlik **18 Junie 2012** skriftelik met die Sekretaris van die Vrystaatse Adviseurende Raad by bovermelde adres of Posbus 211, Bloemfontein, in verbinding tree.

**SEKRETARIS: ADVISEURENDE RAAD VIR GRONDGEBRUIK**

---

**REMOVAL OF RESTRICTIONS ACT, 1967 (ACT NO. 84 OF 1967)**

It is hereby notified in terms of section 3(6) of the above-mentioned Act that the following applications have been received by the Head of the Department: Cooperative Governance and Traditional Affairs, and will lie for inspection at the **LT Trust Building, Office 406, 4th floor, 114 Maitland Street**, Bloemfontein and the offices of the relevant Local Authorities.

Any person who wishes to object to the granting of an application, may communicate in writing with the Head of the Department: Cooperative Governance and Traditional Affairs, Spatial Planning Directorate, Land Use Management Component, at the above address or P.O. Box 211, Bloemfontein, 9300. Objection(s) stating comprehensive reasons, in duplicate, must reach this office not later than **16:00 on Friday, 15 June 2012.** The e-mail, postal address, street address and telephone numbers(s) of objectors must accompany written objections.

**a) BLOEMFONTEIN: (REFERENCE A12/1/9/1/2/13)**

Erf 8505, 237 Pres. Paul Kruger Avenue, Universitas, Bloemfontein for the removal of restrictive conditions (a) and (b) on page 2 in Deed of Transfer T16937/2009 as well as the amendment of the Town-Planning Scheme of Bloemfontein by the rezoning of the said erf from "Single Residential 2" to "Single Residential 3" to enable the applicant to operate a guesthouse from the said property.

**b) LANGENHOVENPARK: (REFERENCE A12/1/9/1/2/84)**

Erf 597, 16 Elizabeth Eybers Street, Langenhovenpark, (Extension 1) for the removal of restrictive conditions B.1(a), B.1(d), B.2(a)(i), B.2(a)(ii) and B.2(e) on pages 2 and 3 in Deed of Transfer T19691/2011, pertaining to the said erf, in order to enable the applicant to erect a second dwelling on the property.

**WET OP OPHEFFING VAN BEPERKINGS, 1967 (WET NO. 84 VAN 1967)**

Hierby word ingevolge artikel 3(6) van die bogenoemde Wet bekend gemaak dat die volgende aansoeke deur die Departementshoof: Samewerkende Regering en Tradisionele Sake, ontvang is en ter insae lê in die **LT Trust Gebou, Kamer 406, 4de Vloer, Maitlandstraat 114,** Bloemfontein en by die kantore van die betrokke Plaaslike Besture.

Enige persoon wat teen die toestaan van die aansoeke beswaar wil maak, kan met die Departementshoof: Samewerkende Regering en Tradisionele Sake, Direktoraat Ruimtelike Beplanning, Grondgebruik Bestuur Komponent, Posbus 211, Bloemfontein, 9300 skriftelik in verbinding tree. Besware met volledige redes in tweevoud, moet hierdie kantoor nie later nie as **16:00** op **Vrydag, 15 Junie 2012** bereik. Beswaarmakers se e-pos adres, pos-en straatadres en telefoonnommer(s) moet skriftelike besware vergesel.

**a) BLOEMFONTEIN: (VERWYSING A12/1/9/1/2/13)**

Erf 8505, Pres. Paul Krugerlaan 237, Universitas, Bloemfontein vir die opheffing van beperkende voorwaardes (a) en (b) op bladsy 2 in Transportakte T16937/2009 asook vir die wysiging van die Dorpsaanlegskema van Bloemfontein deur die hersonering van genoemde erf vanaf "Enkelwoon 2" na "Enkelwoon 3" ten einde die applikant in staat te stel om 'n gastehuis vanaf genoemde erf te bedryf.

**b) LANGENHOVENPARK: (VERWYSING A12/1/9/1/2/84)**

Erf 597, Elizabeth Eybersstraat 16, Langenhovenpark, (Uitbreiding 1) vir die opheffing van beperkende voorwaardes B.1(a), B.1(d), B.2(a)(i), B.2(a)(ii) en B.2(e) op bladsye 2 en 3 in Transportakte T19691/2011 ten opsigte van gemelde erf, ten einde die applikant in staat te stel om 'n tweede woonhuis op die erf op te rig.

c) **LANGENHOVENPARK: (REFERENCE A12/1/9/1/2/84)**

Certain Erf No. 446, 47 Bankovs Boulevard, Langenhovenpark, for the removal of restrictive conditions 1.(d), 2.(a)(i) and 2.(a)(ii) on pages 3 and 4 in Deed of Transfer T10495/1983, pertaining to the said erf, in order to enable the applicant to erect a second dwelling on the property.

d) **WELKOM: (REFERENCE A12/1/9/1/2/172(3/2012)**

Erf 1069, 30 Lategan Street, Extension 1, Welkom, for the removal of restrictive conditions C.(d), C.(i), C(l), C(k), and D.(a) to D.(d) on pages 4 to 6 and 9 in Deed of Transfer T24592/1999 pertaining to the said erf, as well as the amendment of the Town-Planning Scheme of Welkom by the rezoning of erf 1069, Extension 1, Welkom from "Special Residential" to "Special Business (Defined) 18: Offices and Personal Services", in order to utilize the erf for offices for ER 24 Ambulance Services and other office uses.

e) **WELKOM: (REFERENCE A12/1/9/1/2/172(2/2012)**

Erf 6912, Stateway, Extension 10, Welkom, for the removal of restrictive conditions C.(d), C.(i), C.(j), C(l)(i), C(l)(ii), and D.(a) to D.(d) on pages 4 to 6 in Deed of Transfer T30985/2001 pertaining to the said erf, as well as the amendment of the Town-Planning Scheme of Welkom by the rezoning of erf 6912, Extension 10, Welkom from "Special Residential" to "Special Business (Defined) 18: Offices and Personal Services", in order to enable the applicant to apply for a consent use to conduct a restaurant from the premises.

c) **LANGENHOVENPARK: (VERWYSING A12/1/9/1/2/84)**

Sekere Erf Nr. 446, Bankovs Boulevard 47, Langenhovenpark, vir die opheffing van beperkende voorwaardes 1.(d), 2.(a)(i) en 2.(a)(ii) op bladsye 3 en 4 in Transportakte T10495/1983 ten opsigte van gemelde erf, ten einde die applikant in staat te stel om 'n tweede woonhuis op die erf op te rig.

d) **WELKOM: (VERWYSING A12/1/9/1/2/172(3/2012)**

Erf 1069, Lateganstraat 30, Uitbreiding 1, Welkom, vir die opheffing van beperkende voorwaardes C.(d), C.(i), C(l), C(k), en D.(a) tot D.(d) op bladsye 4 tot 6 en 9 in Titelakte T24592/1999 ten opsigte van gemelde erf, asook vir die wysiging van die Dorpsaanlegskema van Welkom deur die hersonering van erf 1069, Uitbreiding 1, Welkom vanaf "Spesiale Woon" na "Spesiale Besigheid (Gedefinieerd) 18: Kantore en Persoonlike Dienste" ,ten einde die erf te gebuik vir kantore vir ER 24 Ambulansdienste asook ander kantoor gebuike.

e) **WELKOM: (VERWYSING A12/1/9/1/2/172(2/2012)**

Erf 6912, Staatsweg, Uitbreiding 10, Welkom, vir die opheffing van beperkende voorwaardes C.(d), C.(i), C.(j), C.(l)(i), C.(l)(ii), en D.(a) tot D.(d) op bladsye 4 tot 6 in Titelakte T30985/2001, ten opsigte van gemelde erf, asook vir die wysiging van die Dorpsaanlegskema van Welkom deur die hersonering van erf 6912, Uitbreiding 10, Welkom vanaf "Spesiale Woon" na "Spesiale Besigheid (Gedefinieerd) 18: Kantore en Persoonlike Dienste", ten einde aansoek te doen vir 'n vergunningsgebruik ten einde 'n restaurant vanaf die perseel te bedryf.

## PROVINCIAL GAZETTE
*(Published every Friday)*

All correspondence, advertisements, etc. must be addressed to the Officer in charge of the Provincial Gazette, P.O. Box 517, Bloemfontein, Tel.: (051) 403 3139. Free Voucher copies of the Provincial Gazette or cuttings of advertisements are NOT supplied.

**Subscription Rates (payable in advance)**

The subscription fee for the Provincial Gazette (including all Extraordinary Provincial Gazettes) are as follows:

**SUBSCRIPTION: (POST)**

| | |
|---|---|
| **PRICE PER COPY** | **R 19.80** |
| **HALF-YEARLY** | **R494.95** |
| **YEARLY** | **R989.85** |

**SUBSCRIPTION: (OVER THE COUNTER / E-MAIL)**

| | |
|---|---|
| **PRICE PER COPY** | **R 11.70** |
| **HALF-YEARLY** | **R 293.00** |
| **YEARLY** | **R 586.05** |

Stamps are not accepted

**Closing time for acceptance of copy**

All advertisements must reach the Officer in Charge of the Provincial Gazette **not later than 16:00, three workings days** prior to the publication of the Gazette. Advertisements received after that time will be held over for publication in the issue of the following week, or if desired by the advertiser, will be inserted in the current issue as a "Late Advertisement". In such case the advertisement must be delivered to the Officer in Charge **not later than 08:00 on the Tuesday** preceding the publication of the Gazette and double rate will be charged for that advertisement.

A "Late Advertisement" will not be inserted as such without definite instructions from the advertiser.

**Advertisement Rates**

Notices required by Law to be inserted in the Provincial Gazette: **R27.85** per centimeter or portion thereof, single column.

**Advertisement fees are payable in advance to the Officer in charge of the Provincial Gazette, P.O. Box 517, Bloemfontein, 9300, Tel.: (051) 403 3139.**

**NUMBERING OF PROVINCIAL GAZETTE**

You are hereby informed that the numbering of the Provincial Gazette /Tender Bulletin and notice numbers will from 2010 coincide with the relevant financial year. In other words, the chronological numbering starting from one will commence on or after 1 April of every year.

***Printed and published by the Free State Provincial Government***

## PROVINSIALE KOERANT
*(Verskyn elke Vrydag)*

Alle korrespondensie, advertensies, ens. moet aan die Beampte Belas met die Provinsiale Koerant, Posbus 517, Bloemfontein, Tel.: No. (051) 403 3139 geadresseer word. Gratis eksemplare van die Provinsiale Koerant of uitknipsels van advertensies word NIE verskaf nie.

**Intekengeld (vooruitbetaalbaar)**

Die intekengeld vir die Provinsiale Koerant (insluitend alle Buitengewone Provinsiale Koerante) is soos volg:

**INTEKENGELD: (POS)**

| | |
|---|---|
| **PRYS PER EKSEMPLAAR** | **R 19.80** |
| **HALFJAARLIKS** | **R494.95** |
| **JAARLIKS** | **R989.85** |

**INTEKENGELD: (OOR DIE TOONBANK / E-POS)**

| | |
|---|---|
| **PRYS PER EKSEMPLAAR** | **R 11.70** |
| **HALFJAARLIKS** | **R 293.00** |
| **JAARLIKS** | **R 586.05** |

Seëls word nie aanvaar nie.

**Sluitingstyd vir die Aanname van Kopie**

Alle advertensies moet die Beampte Belas met die Provinsiale Koerant bereik **nie later nie as 16:00 drie werksdae** voordat die Koerant uitgegee word. Advertensies wat na daardie tyd ontvang word, word oorgehou vir publikasie in die uitgawe van die volgende week, of as die adverteerder dit verlang, sal dit in die Koerant wat op die pers is as 'n "Laat Advertensie" geplaas word. In sulke gevalle moet die advertensie aan die Beampte oorhandig word **nie later nie as 08:00 op die Dinsdag** voordat die Koerant gepubliseer word en dubbeltarief sal vir dié advertensie gevra word.

'n "Laat Advertensie" sal nie sonder definitiewe instruksies van die Adverteerder as sodanige geplaas word nie.

**Advertensietariewe**

Kennisgewings wat volgens Wet in die Provinsiale Koerant geplaas moet word: **R27.85** per sentimeter of deel daarvan, enkel-kolom.

**Advertensiegelde is vooruitbetaalbaar aan die Beampte belas met die Provinsiale Koerant, Posbus 517, Bloemfontein 9300, Tel.: (051) 403 3139.**

**NOMMERING VAN PROVINSIALE KOERANT**

U word hiermee in kennis gestel dat die nommering van die Provinsiale Koerant / Tender Bulletin en kennisgewingnommers vanaf 2010 met die betrokke boekjaar sal ooreenstem. Met ander woorde, die kronologiese nommering beginnende met een, sal op of na 1 April van elke jaar begin.

***Gedruk en uitgegee deur die Vrystaatse Provinsiale Regering***